LAERSKOOL STELLENBOSCH

SELFOON- EN SOSIALE MEDIA BELEID

Selfone en sosiale media is ‘n onlosmaaklike deel van ons samelewing en skoolgemeenskap. Dit is belangrik dat ouers met hul kinders kan kommunikeer en selfone is ‘n baie gerieflike manier vir vinnige en maklike verbinding tussen ouer en kind. Dit is egter belangrik dat ons die gebruik en etiket van hierdie tegnologie bestuur sodat ons skoolgemeenskap ingelig en beskerm is.

Selfoongebruik by Laerskool Stellenbosch is dus onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Leerders mag selfone skool toe bring, maar moet dit heeltemal (nie “flight mode” of “silent” nie) afskakel en in hul tasse hou tydens skoolure.
2. Leerders mag slegs hul selfone met toestemming van hul onderwysers tydens skoolure gebruik.
3. Die skool en/of personeel van die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde selfone nie.
4. By die eerste oortreding sal selfone gekonfiskeer word indien dit tydens skooltyd gebruik word en aan die einde van die skooldag aan die leerder terugbesorg word. Na die tweede oortreding, word dit oornag in die kluis gehou en na derde oortreding, ‘n week in die kluis. Die skool en/of die personeel van die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde selfone nie indien enige van hierdie stappe geneem word.
5. Voorgeskrewe tablette word slegs in grade 5 – 7 in klasverband gebruik.
6. Leerders in bogenoemde grade mag dit onder geen omstandighede pouse buite die klaskamerarea neem om dit te gebruik nie.
7. Alle werk op die tablette mag slegs onder streng toesig en beheer van die klasonderwyser gedoen word.
8. Rekenaars in die rekenaarlokaal mag slegs onder toesig van die betrokke onderwysers gebruik word.
9. Die klasonderwysers beheer en gee toestemming tot internettoegang en gebruik.

10. Geen opnames van lesse of aktiwiteite in die klaskamer of in die skool mag gemaak word nie. Afhangende van die feite van elke geval kan die ouer en/of leerder en/of derde party hom of haar blootstel aan die moontlike oortreding van een of meer wette wat die ongemagtigde afluister of onderskepping van wat in klaskamers gebeur verbied.

Ons wil ook graag die volgende inligting aan alle selfoongebruikers en gebruikers van sosiale media in ons skoolgemeenskap aangaande gepaste en wettige gedrag deurgee.

- Alle sosiale media is PUBLIEK. Almal kan sien wat jy sê en doen op jou profiel. Alle verbruikers moet dus baie versigtig wees. Ons beveel aan dat jy privaatstellings op jou profiel maak om jouself te beveilig.
- Om mense sleg te sê, of vloekwoorde kwyt te raak op sosiale media, is heeltemal onvanpas en kan jou in groot moeilikheid laat beland. *Crimen injuria* (naamskending) en laster is kriminele oortredings en jy kan vervolg word.
- Die ouderdomsbeperking vir die gebruik van Facebook is dertien (13).
- Ander sosiale media netwerke het sekere ouderdomsbeperking op sekere toepassings (apps).
- Enige foto of uitbeelding van naaktheid op ‘n selfoon of sosiale media is onwettig. Dit is kinderpornografie en die neem, besit en aanstuur van sulke uitbeeldings, kan krimineel vervolg word.
- Alle ouers, leerders en onderwysers word gewaarsku om versigtig te wees wie hulle aanvaar as vriende op hul sosiale netwerke. Maak seker dat jy die persoon goed ken.

Die personeel en gemeenskap van Laerskool Stellenbosch moedig die gebruik van tegnologie aan en besef en ondersteun die opvoedkundige waarde daarvan. Ons moedig egter ons gemeenskap aan om verantwoordelik en veilig daarmee om te gaan.